

29 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:1-11

Sprinkel en entoesiasme in my verhouding met die Here

Die Here beloof in vers 8 deur die apostel Petrus twee dinge aangaande ons verhouding met Hom. Hy beloof eerstens “ywer”. Ons sal al hoe meer die behoefte hê om die Here beter te leer ken. Tweedens beloof Hy “vrug” in ons kennis van die Here. Ons sal dus nie net die behoefte hê om die Here beter te leer ken nie, ons sal ook daarin slaag – daar sal vrug wees. As ‘n mens eers eenmaal beleef het hoe verskriklik dit is as jou verhouding met die Here sonder sprinkel en entoesiasme word, weet jy hoe belangrik hierdie belofte is. Wie ontvang hierdie “ywer” en “vrug”? Natuurlik net gelowiges. Petrus sê egter ietsie meer daaroor (vers 5-7). Hy beklemtoon dat dit gelowiges is wat nie met die basiese van die geloof volstaan nie. Dit is gelowiges wat met oorgawe deugde by hulle geloof voeg wat hierdie ywer en vrug in hulle kennis van die Here ontvang.

Wie deur die genade van die Here geloof ontvang het is natuurlik skatryk. As my geloof egter nie groei nie, word ek brandarm. Werp daarom vandag alles in die stryd om jou geloof te verryk. Voeg byvoorbeeld “selfbeheersing” of “volharding” of “liefde” vir ander mense by. Wie hierdie en ook ander deugde byvoeg, sal nie verarm nie – hulle sal groei in hulle behoefte om die Here beter te leer ken en hulle sal ook die sprinkel en entoesiasme in hulle verhouding met Hom ervaar.

Sing: Psalm 85:2,3

Dr DG Breed (Waterkloofrand)